#9

MEDIUM

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 3/10
**Vaardigheidsvlak** 4/10
**Tyd nodig** 4 uur

# Swaai 'n towerkwas

*Deur* **Nadine Vosloo**
*Foto's* **ER Lombard**

Gee 'n ou houtkas nuwe glans met 'n piouter-afwerking uit 'n potjie.

## Wat jy nodig het

• lakverdunner • kaasdoek • 50 mm- en 38 mm-verfkwas • maskeerband (opsioneel) • emmer water • Tjhoko Paint in die kleure Sherif's Stone en Charm Silver • Tjhoko Paint Antique Brown Glaze

## Só maak jy...




**1** Was die kas baie deeglik skoon met die lakverdunner en gee dit minstens 20 minute kans om droog te word. Plak maskeerband waar nodig. **2** Wend 2 lae Sherif's Stone aan met die 50 mm-kwas. Laat elke laag goed droog word en wag dan 20–30 minute voor die volgende stap. **3** Roer die Charm Silver goed voor jy dit oor die Sherif's Stone verf. Roer ook gedurende gebruik.




**4** Wend 2–3 lae aan en gee die laaste laag sowat 4 uur kans om droog te word. **5** Maak 'n skoon stuk kaasdoek nat met water en droog die oortollige vog uit. Roer die Antique Glaze goed. Doop die 38 mm-kwas in die Antique Glaze en verf klein dele op 'n slag, veral in die groewe. Vryf dan dadelik met die klam lap bo-oor sodat die glasuur mooi inmeng met die silwer agtergrond; gebruik meer of minder glasuur na gelang van jou persoonlike voorkeur.







[SKEP 'N METAALVOORKOMS MET VERF]

**Nadine Vosloo, hoof van bemarking by Tjhoko Paint, gee die volgende raad oor metaalafwerkings met krytverf:** Vir 'n metaalafwerking het Tjhoko Paint drie opsies: Charm Silver, Am's Rose Gold en Ali's Gold. Net soos die res van ons reeks het die metaalverwe 'n waterbasis, dis omgewingsvriendelik en geen seëlaar is nodig nie. Dié drie kleure skep 'n klassieke metaalafwerking op meubels en ander dekoritems.

Jy kan enige van dié drie kleure meng (verhouding 1:1) om nuwe skakerings te skep. Charm Silver gemeng met Am's Rose Gold maak die mooiste roosgoud skakering. Vir 'n meer dramatiese ougoud-voorkoms kan jy Am's Rose Gold meng met Ali's Gold. Of meng Charm Silver met Ali's Gold vir 'n sagter goue kleur. En hier is 'n stukkie goeie nuus: 'n Nuwe reeks metaalkleure sal binnekort beskikbaar wees. Hou *Tuis* dop vir meer inligting. **Onthou** Jy kan nie enige van die Tjhoko-metaalkleure met gewone Tjhoko-kleure meng nie; die metaal-effek sal verlore gaan. **KONTAK** 073 206 3104, tjhokopaint.co.za